

26 Augustus

Skrifgedeelte: Kolossense 3:5-17
Fokusgedeelte: Kolossense 3:17 (NAV)

Geloofwaardige getuies deur ons optrede en ons woorde

Geloofwaardige getuies van Christus se heerskappy het sekere eienskappe. Ander eienskappe hoort weer glad nie by 'n geloofwaardige getuie nie. Dit is omdat ons as kinders van God en getuies van Christus se oorwinnig en heerskappy 'n beeld uitdra. Ongelowiges luister nie eers na wat 'n mens te sê het nie, hulle kyk eers na hoe 'n mens leef.

Onder die jongmense in ons kerkverband is daar al hoe meer 'n neiging tot kerkloosheid. Die rede hiervoor is die manier waarop mense wat hulleself Christene noem, optree. Die woord wat vrylik rondgegooi word onder die kerklooses, is skynheiligheid en selfverheffing. Dit is deel van die eienskappe wat nie tuishoort by 'n geloofwaardige getuie nie. Dit maak enige getuienislewering ongeloofwaardig. Dit is soos vers 9 en 10 sê: ⁹ *En moenie vir mekaar lieg nie. Julle het met die ou, sondige mens en sy gewoontes gebreek* ¹⁰ *en leef nou die lewe van die nuwe mens, wat al hoe meer vernuwe word na die beeld van sy Skepper en tot die volle kennis van God.*

As nuwe mense, wat na die beeld van ons Skepper vernuwe, moet ons eerder fokus op die positiewe eienskappe wat ons getuienislewering geloofwaardig maak. En die riglyn vir hierdie optrede is om alles wat ons doen of sê, te doen en te sê in die Naam van die Here Jesus.

Dit beteken ons moet só optree dat Jesus se Naam deur ons optrede verheerlik word. Sodat mense kan sien en kan hoor hoe ons getuig van ons verlossing in Jesus Christus en dit *glo*. Deur hierdie riglyn te volg, kan ons en moet ons geloofwaardige getuies word van Christus se heerskappy, deur ons optrede en ons woorde. En dank God die Vader deur Jesus Christus vir die voorreg wat ons het om dit te mag doen.

Sing: Psalm 1:1, 4 (1936)

Ds. D Kotzee (Sanveld)